



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

GRONDSLAGFASE

GRAAD 3

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

PUNTE: 30

TYD: 1 uur

NAAM: _____



Hierdie toets bestaan uit 10 bladsye, die voorblad ingesluit.

Instruksies aan leerders

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik deur.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Die onderwyses sal die praktiese oefeninge met jou deurgaans voordat jy met die toets begin.
4. Die toets tel 30 punte.
5. Die toets duur 60 minute (1 uur)

Praktiese oefeninge:

1. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
Ons plant blomme in die ...

A skool.
B tuin.
C plaas.

Jy het jou vraag korrek beantwoord as jy die letter B omkring het.

2. Omkring die regte woord tussen hakies.
Die kind staan (uit / op) die kas.
Jy het jou vraag korrek beantwoord as jy die woord op omkring het.

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.
My ma brei met ...

lap.	
wol.	X
Skoene.	

4. In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord dan vraag 1 - 6


o

Dit is altyd lekker om by oupa en ouma op die plaas te kuier. Daar is so baie dinge om te doen. Daar is baie bome en gras.

Oupa gaan wys vir ons die kalfie by die koeistal. Hy is darem te mooi! Sy neusie is nat en hy roep na sy mamma. By die varkhokke gaan dit woens. Jonas is besig om die hokke skoon te maak, maar die varke is ongelukkig. Hulle is mos baie lief vir modder. As die hok skoon is, kan hulle nie meer in die modder speel nie.

By die hoenderhok sien ons die hen met haar sewe kuikens loop. Hulle is nog net geel bollet jies wol, en is baie bang dat Kietsie, hulle sal vang. Ouboet kom van die veld af op ou Poon, die perd, se rug. Nou moet Poon eers water kry. Dan kan hy in die perdestal gaan hooi eet.

Na 'n dag by ouma-hulle, is ons altyd moeg, en slaap dan baie lekker.



1. Maak 'n kruisie langs die regte antwoord.

1.1 Wat is die beste titel vir die storie?

Die hond is siek	
Die kinders baklei	
Oupa se plaas	

1.2 Wie moet eers water kry?

Die kinders	
Ou Poon, die perd	
Die varke	

2. Dui die volgorde van die gebeure in die storie aan. Nommer die sinne 1 - 4 in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

Ouboet kom van die veld af.	
Daar is so baie dinge om te doen.	
Na 'n dag by ouma-hulle is ons altyd moeg.	
Oupa gaan wys ons die kalfie by die koeistal.	

3. Beantwoord die vrae hieronder.

3.1 Hoeveel kuikens het die hen?

Die hen het

3.2 Waarom is die varke so ongelukkig?

Die varke is baie ongelukkig want

3.3 Vir wie is die kuikens bang?

4. Skryf die sinne oor in die..

4.1 Verlede tyd:

Jona maak die hokke skoon.

Gister

4.2 Teenwoordige tyd:

Daar was baie bome en gras.

.....

5. Trek 'n kring om die regte word tussen hakies.

5.1 Die tuin is (op / voor) die huis.

5.2 Die perd spring (oor / uit) die draad.

6. Skryf die sin oor en vul in die hoofletters, punte en vraagteken.

6.1 marie speel met haar pop


.....

6.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie met die regte leestekens.

"Pasop, jy gaan nat reën!" skree sy.	
Pasop jy gaan nat reën skree sy.	

7. Die grafiek wys hoeveel diere is op die plaas.
Beantwoord vraag 7.1 en 7.2.

Aantal diere
op die plaas




7.1 Hoeveel perde is op die plaas?

.....

7.2 Watter diere is die meeste?

.....

8. Kyk na die prent en beantwoord Vraag 8.1 en 8.2.



Omkring die letter langs die regte antwoord.

8.1 Die juffrou ...

- A. lui die klok.
- B. skryf in die boek.
- C. skryf op die bord.

8.2 Watter dier is op die skryfbord?

- A. 'n Muis
- B. 'n Hond
- C. 'n Kat

9.1 Vul in die regte klanke wat pas in die spasie onder die prentjie.

oei

ui

rs

kr



h _ _ s

_ _ aan

k _ _ _

k e _ _

9.2 Kyk na die prente en voltooi die sinne.

9.2.1



Die seun die bal.

9.2.2



Marie is bang vir die

9.2.3



Daar is baie in die sak.

10. Voltooi die sin met die korrekte agtervoegsel.

Die tennisbal is klein _ _ as die sokkerbal.

- II. Skryf een paragraaf van ten minste 4 - 6 sinne oor "Ons skool"

Maak seker jy gebruik die regte taal, spelling en leestekens.

Moenie jou sinne nommer nie.

Ons skool.

TOTAAL: 30

